KONFERENSIES

Baie dankie. God seën jou, broer.

2 Dis 'n groot voorreg om weer, vanaand, terug te wees in die huis van die Here vir diens saam met julle broer en susters in dieselfde kosbare geloof van die Here Jesus. Ek dink baie daarvan was my deel gisteraand om miskien 'n bietjie te lank aan te hou. Ek het die—die reputasie van lang dienste hou. Ek het nog nooit langer as heelnag aangehou nie. Ek het nog nooit veel langer gevat nie. Ek is soort van dieselfde as die apostel Paulus, toe hy heelnag gepreek het en die seun van die balkon afgeval en dood is. En hy het sy liggaam op hom gelê en die seun het weer lewendig geword.

3 So, iemand het vir my gesê, hy het gesê: "Broer Branham, jy—jy praat net 'n bietjie te lank." Wel, ek—ek het soveel om oor te praat, en, ja, ek kan dit net—net nie alles op een slag uitkry nie. Ek net . . . Vandat Christus my gevul het met Sy Teenwoordigheid, wel, het ek net soveel daaroor te sê gehad.

4 En so, vanaand gaan ons probeer om julle vroeg te laat uitkom, want ek dink met respek aan hulle wat 'n lang afstand moet gaan, en julle moet werk toe gaan, ensovoorts. Miskien sal ons 'n bietjie later in die week net 'n bietjie langer vat.

5 En gisteraand het ons gebed vir die siekes gehad, of wat ons noem . . . baiekeer na verwys as "genesingsdiens." Natuurlik ons nie . . . ons weet ons genees niemand nie, maar ons bid net vir hulle. En ek het nog nooit enigiemand genees nie, maar ek het beslis 'n paar groot antwoorde op gebed gehad, die Here gesien, Hy genees die siekes. En so dis waarom ek hier is, om te probeer gemeenskap hou met julle rondom hierdie dinge.

6 En nie net vir die genesing van die liggaam nie, maar die genesing van die siel ook, wat baie belangriker is as die genesing van die liggaam. Nou, dit is moontlik as jy lank genoeg lewe dat jy weer kan siek word, want siekte . . . Die Bybel het gesê: "Baie is die beproewinge van die regverdiges, maar God verlos hom uit almal van hulle." So daar is baie beproewinge vir ons belowe, maar 'n verlossing uit hulle uit.

7 In 'n bespreking met die oorlede Jack Coe . . . Baie mag hom geken het. Hy was 'n baie goeie vriend van my. Ek het baie van Broer Jack gedink. En hy het so 'n, verskoon die uitdrukking, 'n bulhond geloof gehad om vas te hou aan genesing. En hy sou . . . iemand sou opkom met krukke, hy het 'n byl of iets daar gehad, hy sou hulle stukkend kap en hulle breek, voor hy nog vir hulle gebid het. Hy sou nie weer weggaan op daardie krukke nie, hy . . .

um-hum, as hulle nie kon wegloop nie, kon hulle wegkruip tot hulle genoeg geloof gehad het om . . .

8 En hy het 'n aambeeldjie en 'n hamer gehad wat daar gelê het, en iemand sou opkom met 'n bril op om voor gebid te word, vir hulle oë, hy sou uitstrek en hulle beetkry, en hulle breek op die aambeeld, hulle eenkant toe gooi.

9 So hy het in die moeilikheid beland oorkant in Florida. Satan het vir hom 'n strik gestel en het 'n kind gekry waarvan hy die stutte afgehaal het. Julle ken natuurlik die storie. Eerwaarde Gordon Linsay was daaronder in die verhoor toe die regter gesê het: "Jy sê daardie seun is genees?"

En Broer Jack het gesê: "Hy was genees."

"O," gesê: "daar is glad nie so-iets soos dit nie."

Gesê: "Toe ek die stutte van hom afgehaal het, het hy oor die platvorm geloop. Hy het gesê hy was genees."

10 Gesê: "Nou, as jy een Skrif kan bring waar God ooit enigiets soos daardie gedoen het, hier genees sou word, of iets, en dit net 'n oomblik sou duur, wel, is ek gewillig om dit terug te trek."

Broer Lindsay het opgestaan, gesê: "Ek kan 'n Skrif bring."

Gesê: "Laat ons dit hoor."

11 Gesê: "Een aand op 'n stormagtige see, het Jesus vir Petrus gesê, om na Hom toe te loop op die water; solank as wat hy geloop het, was hy bo-op die water terwyl hy geglo het; maar toe hy gereed was om te twyfel, het hy gesink."

12 So dis reg. So die regter kon die saak uitgooi. Daar kon niks meer daarvan kom nie. Dis presies. Sien, hy—hy was—hy was, terwyl hy geloop het, was hy reg; maar toe hy begin twyfel het, het hy gesink.

13 En dis net hoe lank soos goddelike genesing hou: so lank as wat jy dit glo. En dis hoe lank verlossing hou: net so lank as wat jy dit glo.

14 Iemand het 'n tyd gelede vir my gesê, gesê: "Broer Branham, ek gee nie om wat jy kan bring, wat jy kon sê, of enigiemand anders nie, wat . . .Jy kan tien dooie mense oprig, en elke kreupele laat loop," gesê: "ek sal dit steeds . . . nie glo nie."

15 Ek het gesê: "Beslis nie. Dit was nie vir ongelowiges nie; dit was net vir hulle wat glo." Dis al. Dit—dis net vir gelowiges.

16 Jesus het gesê: "Vir hulle wat glo." Ongelowiges is nie eers ingesluit nie, sien. Julle moet net bejammer word. Iets het iewers verkeerd gegaan. So as jy 'n gelowige is, wel, is dit vir jou. As jy nie 'n gelowige is nie, dan is dit nie vir jou nie.

En iemand het gesê: "Sou jy . . . ?" Was eendag op straat, gesê: "Sal jy vir hierdie man wat op die hoek staan, sê wat verkeerd is met hom?"

17 Ek het gesê: "Jy weet, God neem Sy man, maar nooit Sy Gees nie." Sy Gees op Elía het op Elisa gekom, toe op Johannes. Die Een wat op Jesus was, het op die Kerk gekom, en af deur die eeu. Satan doen dieselfde ding. Hy neem sy man, maar nooit sy gees nie. Ek het gesê: "Ek word net omtrent herinner aan toe hulle 'n doek om Jesus se oë gedraai het, daar in daardie hof daardie môre, en Hom oor die kop geslaan het met 'n riet, en gesê het: 'Profeteer en sê vir ons wie jou geslaan het en ons sal jou glo.' Hy het nooit Sy mond oopgemaak en 'n Woord gesê nie, want Hy het nie mense vermaak nie; Hy het net God gehoorsaam." Sien?

18 Satan het vir Hom gesê, "As jy die Seun van God is, wel, doen 'n wonderwerk hier voor my. Laat ek dit sien." Julle het gehoor dat dit gesê word. Sien? Onthou net, dis die duiwel. Sien? Dis hy. Sien? Hy het gesê: "As jy die Seun van God is," gesê: "doen net—net 'n wonderwerk en verander hierdie brood . . . hierdie—hierdie klip in brood, en ek sal jou glo."

Hy het gesê Daar staan geskrywe: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie."

En toe by die kruis, het Satan en daardie priesters gesê: "As jy die Seun van God is, kom van die kruis af. Dan sal ons jou glo."

19 Hy kon dit gedoen het, maar Hy sou Satan gehoorsaam het. Sien? Hy doen nie wat Satan sê nie; Hy doen wat God sê. En enige dienskneg van God doen dieselfde, net gehoorsaam. So wanneer julle daardie opmerkings hoor, onthou net waar dit vandaan kom.

20 Moenie—moenie die mense verag nie, maar voel jammer vir hulle dat hulle in totale duisternis en blindheid is, miskien verordineer tot daardie oordeel. Wat dan? Dis sleg, nie waar nie? Hmm? So ons voel net jammer en beweeg net aan, wees nederig, en wees Christene.

21 Nou, vanaand, wil ek met julle praat oor 'n onderwerpie wat miskien dalk . . . net om soort van, tot ons ons gehoor soort van gebalanseer het, en begin om al die bygelowe uit te vryf.

22 En gisteraand het ek gedink vir 'n eerste keer dat dit nogal goed was om soveel te sien reageer op die Heilige Gees. Natuurlik kon ek twaalf net *hier*binne getel het, wat gedink het dit was 'n kullery of so-iets, maar jy gaan dit in elk geval hê, julle weet. So jy laat dit net nie inmeng met dié wat wel glo nie. Hulle is ongelowiges, ongelowiges, en in 'n slegte toestand. Uh-huh. So bid maar net vir hulle.

Maar nou vanaand, wil ek die onderwerp van *Konferensies* benader.

Nou, ek wil 'n Skrif lees wat in Jesaja 1:18 gevind word:

Kom nou, . . . laat ons die saak uitmaak, sê die Here:
al was julle sonde soos skarlaken, dit sal wit wees . . .

sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal wit *word* soos *wol.*

23 Dis 'n baie bekende ou Evangelie teks. Miskien het julle pastore dit al baiekeer benader. En ek dink dis een van die mees besondere tekse, of mees simpatieke, van die Ou Testament: God wat 'n konferensie met die mense probeer hou om dinge te oordink. Jehova God, Wat die hemel en aarde gemaak het en al die skepsels daarop, en tog sal vra om 'n konferensie te hou met die mense om: "kom ons oordink dit, om te kyk wat dit moet wees."

24 Ons hoor huidiglik soveel van konferensies. Daar was soveel van hulle, en daar word soveel konferensies gehou oor die nasie, om die wêreld. Ek was by Visalia, Illinois, 'n paar weke gelede, of, Visalia, Kalifornië, 'n paar weke gelede, en ons het 'n arsenaalgebou gehad, iets omtrent soos hierdie of 'n bietjie groter.

25 En die eerste middag was daar soveel mense daar ingeprop, voor dit donker geword het, moes hulle baie honderde wegwys. En die volgende aand was daar amper tweeduisend, so ons kon nie langer daar bly nie. Ons het na die skougronde van die naburige stad toe gegaan. Om drie-uur daardie middag was daar soveel daarbinne, hulle moes die hekke sluit en hulle nie inlaat na drie-uur die middag nie, so, net ingeprop.

26 En hulle beplan nou om 'n groot gebou te maak by 'n ander naburige stad vir 'n groot byeenkoms, 'n munisipale ouditorium. En ek vergeet hoeveel miljoen dollar dit gekos het, daar by die, vyf-en-twintig, dertigmiljoen dollar. En hulle het gesê, of, dit op die radio en in die koerante aangekondig, dat binne die bestek van twee jaar, dat hulle meer as die gebou sal afbetaal net met die konferensies. En omdat hulle hierdie groot plek sou hê, dat baie groot klubs, ensovoorts, wat hulle konferensies hou, en losies en dinge, sou . . . dit alreeds jare vooruit wou probeer bespreek, geld in die stad sou inbring, van die mense wat in die stad inkom vir hierdie konferensies en—en byeenkomste ensovoorts.

27 Ons vind dat daar baie byeenkomste is in hierdie laaste dae, meer as wat daar altyd was. En ek dink dat dit tyd is dat God se mense meer bymekaarkom. Hmm. "Kom, laat ons die saak uitpraat," sê God, sien.

28 Ek dink dis tyd dat die kerke bymekaarkom, ons verskilletjies afgebreek word, en ons . . . ons bymekaar moet kom om een te wees. Jesus het gebid dat ons een moet wees: " . . . hierdeur sou alle mense weet dat julle My dissipels is, wanneer julle mekaar liefhet." En dis tyd, dink ek, in hierdie tyd, dat ons onsself moet meer vergader en een moet word, want ons is nie verdeeld nie. Ons het verskillende idees, net soos wat ons vingerafdrukke nie dieselfde is nie, en—en ons aptyte, miskien, nie dieselfde sou wees nie; maar tog, is ons mense in

beginsel. En dis hoe dit is met Christendom: ons verskille van ons organisasies, tog een. Ons is een omdat ons kinders van God is, gebore uit Sy Gees, gewas in Sy Bloed.

29 En dis hoekom ons vanaand hier is, in ’n konferensie. Hierdie is konferensies waar ons bymekaar kom. Ons het hulle in die volk gehad, nasionaal. Hier in die laaste Wêreldoorlog, baie van julle mense van my ouderdom en heelwat jonger, kan die—die Tweede Wêreldoorlog onthou, toe hulle die konferensies gehad het.

30 Ons wonder wat konferensies is . . . waarvoor is hulle, in elk geval? Dis om, vir hulle om die—die intelligentste van die groep te neem en bymekaar te kom en een of ander strategie uit te werk om iets te doen. Hulle word gewoonlik gehou in ’n tyd van ’n krisis, is wanneer hulle konferensies byeen roep, in ’n tyd van krisis. Sou ’n wonderlike tyd wees om een te hou in die universele kerk van die lewende God, nie waar nie, op grond van die krisis wat ons in die gesig staar: kommunisme en—en al die dinge, die ismes van die wêreld. Die kerk koel af. En dis tyd vir ons om bymekaar te kom en te oordink, bymekaar te kom oor hierdie dinge.

31 Nou, hulle het een van die konferensies, van die wêreldkonferensies, die Groot Vier genoem. Baie van julle onthou dit, toe die Vier Groot magte ontmoet het. Ons eie geliefde Dwight Eisenhower, ons president, en dan ook Churchill, en die ander groot magte van die wêreld, wat die Groot Vier Konferensie genoem is. Daar was ’n krisis aan die gang. Die volke het . . . hierdie . . . die vredeliewende nasies was in ’n tyd van krisis, toe Hitler en die Nazi’s en . . . almal net gereed was om die—die wêreld te versmoor. En die vredeliewende, Godvresende mense, en ons groot erfenis, was in gedrang. Daarom het hulle bymekaargekom vir ’n konferensie.

32 Daar was die Geneefse Konferensie. Ons kan almal die Geneefse Konferensie onthou, en ook die Parys Konferensie, en hoedat hulle dit doen. Hulle sien dat daar ’n krisis kom, en dan roep hulle die heel beste wat hulle van weet. Die staatshoofde kom bymekaar en redeneer onder mekaar wat hulle gaan doen. Hulle kies ’n sekere plek en . . . êrens waar dit inspirerend is.

33 En hulle gaan na hierdie plek toe en praat daaroor en sit hulle idees bymekaar, hoe hulle bymekaar kan kom as een groot leier, as een groot volk, as een groot leër, almal bymekaar as een.

34 Dit sou wees wat . . . Ons kon ’n groot ding doen as die hele vrygekoopte kerk van God bymekaar kon kom en daardie selfde ding doen. En ons klein ideetjies en klein verskilletjies ter syde stel wat—wat eintlik die mense verdeel, en ons kon bymekaarkom as een groot eenheid van God. Kommunisme sou vlug; die . . . al die ander ismes sou vlug, wanneer die groot leër van God ooit bymekaar sou kom.

35 Nou, ons vind dat hulle in hierdie plekke van samekoms, 'n plek probeer vind het wat inspirerend is. Ek was. . . Ek was in Geneva waar hulle die Geneefse Konferensie gehou het. Dit is beslis 'n inspirerende plek. Daar's iets omtrent plekke waar jy is, toestande om jou, wat 'n omgewing maak, dit help jou baie.

36 Ek kan dink aan die beste tye van my lewe, (Ek's 'n buitelug mens.) is om uit te gaan in die berge en die sonsondergang dop te hou, te luister na die geroep van die wilde diere, die voëls te hoor. Dis inspirerend; dis iets wat iets aan jou doen.

37 Dan kan ons by die plek kom waar ons geïnspireer kan word deur bymekaar te kom, op plekke te ontmoet. Party van ons koud en 'n bietjie afsydig sou word, wegbly van biduur op 'n Woensdagaand, by die huis bly om 'n sekere televisieprogram te kyk, wat nie eens aangesit behoort te word nie. En mense raak behep daarmee en bly weg van die biduur af, om een of ander belaglike program te kyk.

38 Dan, as ons bymekaarkom in hierdie herlewing, is om ons gawes en ons bediening bymekaar te bring, om saam te gooi vir 'n herlewing om die mense te inspireer: om bymekaar te kom vir 'n uitbreek van 'n regte herlewing, of, nou, 'n huis toe gaan van die Kerk, want ons is na aan die endtyd.

39 Dit is definitief bekend, dat ons na aan die einde is. En nou, soos ons die dienste ondersoek het, 'n aand of twee soos ons aangaan, sien watter kant toe die Heilige Gees lei, sal ons daarin inkom, as die Here wil.

40 Maar nou, inspirasie, dis plekke en toestande waarin jy kan beland, maar om geïnspireer te word. Ek, wat 'n liefhebber van die buitelug is, ek hou daarvan om in die berge op te klim en te luister na die roepstem van die wildernis. En ek het van 'n klein seuntjie af daarvan gehou. Nie soveel om die dier te jag nie, maar net om in die woude te wees, want daar's iets wat my inspireer.

41 'n Paar jaar gelede hier, was ek hierbo in Colorado, waar ek 'n gids van 'n groep is; mense uitgeneem het vir jare. Eendag het ek en die beesboer laat teruggegaan, na baie van die. . . ons. . . dit word "die manne" genoem, ingekom het en hulle takbokke ensovoorts gekry het, en uitgegaan het. Dan gaan ons terug, ver op in die berg. En dis daar waar ek 'n klein privaat konferensie met die Here het, elke keer wat ek opgaan. Hy wys my altyd iets, of trek my nader aan Hom, wanneer ek wegkom van alles af.

42 En hierdie jaar was die sneeu 'n bietjie laat en die elandtrop was hoog. Daar was sneeu bo-op, so ek moes hoog opgaan om die elande te kry. Een middag daarbo, dit was al in die laaste van Oktober, die—die bome, aan die onderkant, was net soos klappers, so bros en droog. En ek was bo in die sneeu. En die weer kan so vinnig verander daarbo. Dit kan die een oomblik reën, dan sneeu, en dan sonskyn. En daar het 'n storm opgekom, en ek het

agter 'n boom ingegaan en my geweer neergesit en gewag tot die wind oorwaai.

43 En ek was reg langs 'n ou omgewaaide area naby die boomlyn. Dis so hoog soos die bome groei, totdat jy in die dwergspardenne, ensovoorts ingaan. Toe, toe ek verbaas was hoe. . . Ek het daar agter die boom gesit, en luister hoe die winde waai, en gedink aan die Here, agter 'n groot ou denneboom. En na 'n tydjie het die storm bedaar. Ek het opgestaan, rondgekyk.

44 En die groot elandtrop waarby ek probeer uitkom het, hulle is geskei in die storm, en ek kon die groot bulle hoor beuelblaas. O, daar's iets daaraan wat net iets lewendig in jou sit, om daardie kêrels te hoor beuelblaas; het 'n groot respek vir hulle. Toe het ek oorkant op die berg 'n wolf hoor huil, sy maat wat dit onder aan die onderkant antwoord. Na die weste toe gekyk en die son wat gesak het, en net soos deur die skeure van die berge gegaan het, die groot betowerde oog van God, soos dit gelyk het, wat oor die bergtoppe gekyk het, blou horison; en dan te kyk waar die winde waai en die—die water gevries het op die immergroen bome en dit 'n reënboog gevorm het wat al die pad oor die afgrond gestrek het.

45 O, dit alles bymekaar. Ek het net gesnik soos 'n babatjie en begin huil. Daar was Hy, God in die reënboog, die verbond; om te aanskou as Alfa en Oméga, jaspis en sardiussteen, beide Ruben en Benjamin, eerste en die laaste. Daar was Hy, wat daarbo gehuil het in die wolf; hier was Hy, wat beuelgeblaas het in die—die eland. Oral waar jy daarbo kyk, was net God.

46 Dis hoe ek daarvan hou om daardie inspirasie te kry. Gaan alleen daar op saam met God, so hoog. Myle en myle en myle, kon nie afkom vir 'n paar dae, om. . . my geneem om af te kom, van waar ek was, na waar die perde vasgemaak was. Maar net daarbo saam met God. Daardie nag daarbuite geslaap in die berg.

47 En terwyl ons daarbo was, het ek net een van daardie regte blymoedige geeste op my gekry. Ek neem aan dis nie vreemd vir julle Pinkstermense nie. En ek het so bly geraak dat ek die geweer teen die boom neergesit het en om-en-om die boom begin hardloop het, net rondgespring het so vinnig as wat ek kon, so hard geskree het as wat ek kon: "Prys die Here! Prys die Here!" En ek reken as iemand in die woude moes ingekom het, sou hulle gedink het daar was iemand uit die malhuis daar.

48 Om-en-om die boom het ek gegaan, net so vinnig as wat ek kon, geskree en die dennenaalde opgeskop. Ek moes die stoom iewers uitlaat of ek sou bars. Ek was net, ek het net 'n wonderlike tyd gehad, want ek was reg in die Teenwoordigheid van God, 'n konferensie met Hom gehad, net gesê: "Hoe groot is U! Hoe groot is U!

49 "Daar is U, oral. U is daar in die hemele, in die toweroog van die son, wat heen-en-weer deur die aarde gaan. Daar is U in die

reënboog. Daar is U in die wolf. Daar is U in die eland. Daar is U in die winde; hoor hulle deur daardie denne waai asof om te sê: 'Adam, waar is jy?'" Sien, rondbeweeg, inspirasie, 'n regte egte konferensie, te hou met God.

50 En meteens is ek onderbreek. En ek—ek hou net nie daarvan om onderbreek te word in daardie soort tye nie, so, ek hou net daarvan om dit uit te skree totdat ek heeltemal tevrede is—is. Toe het ek gekyk en daar was 'n denne-eekhorinkie. O, hy's 'n klein vabondjie, omtrent *so* lank; die blou-jas polisieman van die woude. En hy sal alles bang maak in die land. En hulle luister almal na hom, want hy's altyd gereed om te "babbel, babbel," oor iets. Hy het op 'n ou stam of stomp daar gespring, oorkant na my gekyk en net so hard begin blaf as wat hy kan: "Babbel, babbel, babbel, babbel."

51 En ek het gedink: "Wel, wat makeer die kêreltjie." Ek het gesê: "Hou jy nie daarvan nie?" Ek het gesê: "Kyk dan, hierna." En om, en om, en om, en om die boom het ek weer gegaan. En hy het net meer begin babbel. Ek het gesê: "Ek prys my Skepper, kêreltjie." Ek het gesê: "Ek het 'n lekker tyd saam met Hom. Ons hou 'n konferensie hier. Ek het vir Hom gesê ek was leeg en Hy het my gevul, sien. Hier is hoe dit gaan." En om, en om, en om die boom het ek weer gegaan.

52 En ek het net opgelet, die kêreltjie het nie soveel na my opgelet nie, terwyl hy sy koppie sywaarts gedraai het, sy ogie wat uit sy wang uitpeul, amper, afgekyk het soos *hierdie*. Wel, ek het gestop, en ek het gedink: "Wat onderbreek my nou?" En ek het afgekyk in daardie omgewaaide area. En tydens die storm, was 'n arend afforseer in die—die bosse waar die bome oorvleuel het en jare vantevore omgewaai is. En hy het gepiep of—of op hierdie arend geskel, en die groot arend het onder hierdie bos uitgekruip. En hy het opgekyk na my, en op die stomp gespring.

53 En ek het gedink: "Wel, nou, wat's so goddelik aan jou?" En ek het *so* na hom gekyk, en ek het gedink: "Wel, God, waarom het U my U laat ophou aanbid en skree, net om na daardie ou arend te kyk?" Wel, 'n arend. . . God vergelyk Homself met 'n arend, en Hy noem Sy profete "arend," want die arend kan hoër vlieg as enige ander voël wat daar is. Daar is niks wat hom kan volg nie. As 'n valk hom probeer volg, sou hy disintegreer in die lug. En dis reg.

54 Hy's. . . wel, hy het 'n oog wat hy kan sien na hy daarbo kom. Dis hoekom ek sê, enigiemand wat spring, spring net so hoog as wat jy kan leef, jy weet. Dis al, want wat help dit jou as jy wel bo kom, as jy nie iets kan sien terwyl jy daarbo is nie? Dit help glad nie. So hy—hy gaan daar op, en hy het 'n oog, dat hy dinge kan sien wat ver is, voor hulle hier kom, en dis waarom God die arende vergelyk het met Sy profete, of, Sy profete met

die arende; en Hy Homself "Jehova-Arend" noem, so. . . en ons is "arendjies."

55 Nou, daar's 'n groot verskil tussen 'n arend en 'n hoender. Hulle is albei voëls, maar een van hulle is aardsgebonde en die ander een is hemelgebonde. So dis 'n groot verskil, hulle is net omtrent neefs of iets. So, as die hoender nie sy voete van die grond af kan kry nie, moenie bekommerd wees nie; hy's net 'n hoender om mee te begin, julle weet. Hy sal nooit daar opgaan en weet wat 'n arend weet, wat daar kan uitvlieg in die hemele nie.

56 So ek het hierdie kêrel dopgehou terwyl hy daar gesit het, met sy yslike groot gryserige oë wat my dopgehou het. En ek—ek het gedink: "Wel, daar's een ding wat ek van hom bewonder. Hy's nie bang nie." En ek—ek haat 'n lafaard, en God ook. So, 'n man wat bang is om te getuig na hy genees is, 'n man vir wie God gered het, en dan is hy bang om vir iemand te vertel dat hy gered is en gevul met die Heilige Gees, ek het nie veel vertroue in sy verlossing nie. So, wanneer jy dit regtig het, wil jy vir almal vertel. Jy kan net nie stilbly nie. Wat die kerk nodig het, is meer Heilige Gees en Vuur daarin wat beweeg; wat die kerk beweeg. Neem Vuur om die kerk te beweeg.

57 So hierdie ou kêrel, ek het hom vir 'n paar oomblikke dopgehou, en naderhand, na hy gesien het ek bewonder hom, het ek vir hom gesê: "Haai, weet jy dat ek jou kan skiet voor jy van daardie stomp af kan kom?" net om te kyk, net te sien of hy bang was vir my. Hy was nie bang nie, hy het net daar gesit. En ek het opgelet. . . "Wat maak jou so seker van jouself?" Ek het opgelet hy het aangehou om sy vlerke te beweeg, net te voel of al die vere in die regte toestand was. Want hy het baie vertroue in daardie vlerke gehad, en hy het geweet hy kan in daardie bome wees voor ek nog my hand op daardie geweer gesit het. En daar het ek 'n les geleer. Ek het gedink: "Hier leer ék iets in hierdie konferensie," sien.

58 Nou, daardie arend het twee vlerke gehad wat God hom gegee het, en hy het vertroue in daardie vlerke gehad. Hy het geweet wat hy kon doen met daardie vlerke, en hy was glad nie bang vir my nie. So hy het geweet hy kan in daardie bome wees voor ek nog my hand op die geweer gekry het.

59 En ek het gedink: "As daardie arend, met—met twee vlerke wat God hom gegee het, geweet het dat hy daar kan ontsnap voor ek nog enigiets daaraan kon doen, wat behoort 'n Christen, wat die Heilige Gees ontvang het. . . ?" Solank as wat jy Sy Teenwoordigheid rondom jou kan voel, en alles in lopende toestand is ("Geen veroordeling vir hulle wat in Christus Jesus is, wat nie wandel na die vlees nie, maar na die Gees."), wanneer jy daardie lopende toestand voel, moenie—moenie bekommerd wees wat Satan gaan doen nie. Jy weet dan net jy is op goeie voet.

60 So ek het hom so dopgehou. En uitgevind, hy was nie bang vir my nie, maar hy het net nie daarvan gehou om na daardie ou grond-eekhorinkie te luister nie, ou denne-eekhorinkie, wat daar gesit en "Gebabbel, babbel, babbel het. Babbel, babbel, babbel," asof hy hom uitmekaar uit sou skeur; tog, hy sou niks doen nie, hy was te klein. Die arend kon hom optel en dit sou gewees het. . . wel, sy voet was groter as die eekhorinkie. So, maar die eekhorinkie het op-en-af gespring asof hy hom uitmekaar uit sou skeur, net gebluf daaroor, julle weet.

61 Uiteindelik het die ou arend genoeg daarvan gehad. So hy het net een groot sprong gemaak, en sy vlerke twee keer geklap, en toe het hy sy vlerke gestel. En ek het daar gestaan en daardie arend dopgehou tot ek gehuil het. Hy het nooit sy vlerke geklap, klap, klap, klap nie. Hy het net 'n paar keer geklap tot hy gekry het sy. . . bo die boomlyn, en toe het hy net geweet hoe om sy vlerke te stel in daardie lugstrome wat teen die berg opgekom het; en dit het hom net verder, verder, verder geneem, totdat hy net 'n spikkeltjie geword het. En nooit 'n veer beweeg nie, hy het net geweet wat om te doen.

62 En ek het gedink: "Is dit nie reg nie? Dit is nie, sluit aan by die Metodiste, dan gaan aansluit by die Baptiste, en dan gaan aansluit by die Gemeentes, en dan gaan aansluit by die Kerk van God nie. Dit is nie klap, klap, hier; en klap, klap, daar nie; dis net om te weet hoe om jou vlerke van geloof te stel in die krag van God, en wanneer die heerlikheid inrol, net op, op, op te ry."

63 Kom weg van die ou aardsgebonde eekhorinkies, wat sê: "Babbel, babbel, dae van wonderwerke is verby, glad nie so-iets soos Goddelike genesing, geen Heilige Gees meer nie. Dit was vir die apostels lank gelede." Stel net jou vlerke en vlieg verder, verder, verder, verder weg, tot jy dit nie meer kan hoor nie. Dis die soort konferensie wat ons met God wil hê, wat ons bo die skadu's sal uitlig, ons sal wegneem tot al die kritiek en alles, jy dit nie meer kan hoor nie, net ingesluit is by God. Jy hoef nie by hierdie een aan te sluit, by daardie een aan te sluit nie. Net weet hoe om jou geloof te stel.

64 Dis reg. Stel net jou geloof in die Woord van God. En wanneer daardie Ou en Nuwe Testament daar uitgesprei word, dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en wanneer die krag van God inry, ry saam met dit. Gaan ry net op, op, op, op, al die pad op. Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Hy kan nie faal nie.

65 O, hierdie konferensies, dit behoort 'n gebedsoorweging vir almal van ons te wees. Ons behoort nie een te laat plaasvind en dan nie daarvoor te bid, beide nasionaal en kerk en wat dit ook al mag wees nie. Ons behoort altyd te bid.

66 'n Predikervriend van my, 'n goeie Christenbroer, by. . . toe die Geneefse Konferensie, hy het gewag op sy radio, om die

nagevolge daarvan te hoor, want ons volk was in gedrang, en ons groot erfenis waarvoor ons voorvaders geveg het, was in gedrang. En hy was 'n regverdige, goeie, goddelike man. Hy het gesit en luister.

67 Iemand het aan sy deur geklop in . . . 'n moderne beatnik, met sy vuil baard. Hoe in die wêreld Amerikaanse kinders ooit sulke goed kon volg, en dan daar uitgaan . . . Aan die deur geklop, en hy het gesê: "Meneer, ek is hier om van my gedigte en my liedjies te verkoop," hy het gesê: "en hulle wil nie na my luister nie." En gesê: "Hulle wil nie met my praat nie. En hulle sê vir my jy is 'n beïnvloede man . . . invloedryke man in die stad."

68 Hy het gesê: "Goeie man, kom in en gaan 'n oomblik sit. Ek luister na daardie nagevolge." Maar, o, hy kon nie stilstaan nie. Nee, meneer. Hy . . . mag . . . dit was belangriker as die toekoms van die volk.

69 En dis hoe baie kerklidmate vandag raak, daardie klein onbenullige goedjies wat onder mense gebeur, is belangriker as die ware Kerk van die lewende God. Kom ons vergeet ons goedjies en vlieg weg. Kom ons luister na die nagevolge.

70 Nou, hier nie . . . hulle het 'n ander konferensie gehad waaroor ek net graag vir 'n oomblik wil praat: die laaste konferensie wat hulle gehad het by die V.N. gebou, waar die Ooste en die Weste ontmoet het, waar Khrushchev sy skoen uitgetrek het en daarmee op die lessenaar geslaan het. Eisenhower en Khrushchev het ontmoet, Eisenhower wat die vyf vrye wêreld verteenwoordig het en Krushchev die Oosterse Kommunistiese wêreld. En dit het reg bo-oor baie mense se koppe gegaan, wat nie daaroor gebid het nie.

71 Maar as julle net opgelet het dat dit 'n direkte antwoord en 'n direkte profesie vervulling net op daardie tydstip was. Dit was 'n direkte profesie. Die Ooste en die Weste het presies vervul wat Daniël gesê het, dat, daar, tien koninkryke, daar sou wees, nie sou meng nie, soos yster en klei nie sal meng nie. En die woord *Khrushchev* beteken "klei" in Russies; die woord *Eisenhower* beteken "yster" in Engels; en yster en klei kan nie meng nie.

72 O, soos ons hierdie dinge sien naderkom, behoort ons op ons knieë te wees, besig om uit te roep: "O Here Jesus, doen nou dadelik iets vir ons." Ons mag probeer om die laaste persoon uit te trek wat in die koninkryk van God ingebring kan word; onsself saam te vergader en konferensies en dienste te hou en heelnag lank bymekaar te kom in bidure. Die probleem met die kerk vanaand, ons gaan net en kniel, en bid en gaap 'n paar maal, en vaak en moeg, en moet huis toe gaan en bed toe gaan.

73 Dit is nie soos die vroeë Pinksterkerk nie. Hulle het heeldag en heelnag gebid. Ek het hierdie oues van veertig jaar gelede ontmoet, gesê hulle het heeldag en heelnag gebid, in die strate geloop. Vandag het ons klassiek geraak en wil vergelyk met die

groot kerke, en dis waar ons ons foute maak. Ek—ek sê julle die kerk was in 'n beter toestand veertig jaar gelede vir die Koms van die Here as wat dit vanaand is, want ons is die Loadicese kerk. Ons besef dat dit die tydperk is waarin ons lewe. En dit was die enigste tydperk waar Jesus buitekant Sy Eie kerk gevind is, besig om aan die deur te klop, om te probeer terugkom in Sy Eie kerk.

74 Ons verskille het Hom weggewys, ons skeiding van broederskap, en die manier wat ons agter die dinge van die wêreld aangegaan het in plaas van dinge van God. Ons behoort al reg oorkant in Kanaän's land te gewees het, en hier is ons in die woestyn, aan die om-en-om dwaal, net soos hulle destyds daar het. Ons behoort allerhande soorte gawes, tekens en wonders in ons kerke te hê. In plaas daarvan, kan God iets oprig, en dan raak ons almal bang daarvoor en loop weg, en sê ons verstaan nie hierdie dinge nie.

75 Wat dink julle het hulle in daardie woestyn gedoen vir veertig jaar, besig om om-en-om te loop oor dieselfde ou terrein? Ons het Handelinge 2:4 geneem, Handelinge 2:4, Handelinge 2:4; ons het dit doodgemaak. Kom ons gaan verder! Die beloofde land is daar. "Want wat julle ook al begeer, glo dat julle dit ontvang, wanneer julle bid, en julle sal dit kry." Handelinge 2:4 is reg, maar dit is nie alles daarvan nie. Dis reg. Daar's meer daarvan. Dis . . . elke belofte in die Bybel is ons s'n. Dis vir ons gegee deur die Here Jesus, en Sy groot magtige hand hou die tyd vir ons vas om die land in te neem wat vir ons gegee is. Sekerlik.

76 Konferensies. O, wanneer die wêreld 'n konferensie hou en hulle saam vergader, wat doen hulle? Hulle het gewoonlik 'n bietjie whiskey en mengeldrankies, en drink, en lieg, en bedrieg, en kul mekaar, maak allerhande soorte planne ensovoorts, en met 'n mes agter hulle, soos die Bybel gesê het hulle sou doen.

77 Maar wat gebeur wanneer God 'n konferensie hou? Mense vas en bid en wag op opdragte, en beweeg dan. Ons het nou gepraat van 'n wêreldkonferensie, nasionale konferensie. Daar's baie van hulle waaraan ons kan dink, maar laat ons aan 'n paar konferensies dink wat God gehad het. Kom ons onthou 'n paar van hulle.

78 Kom ons dink aan die eerste konferensie wat God ooit gehad het toe die eerste noodtoestand aangebreek het. Ons sal dit die "Eden Konferensie" noem. Dit was die eerste noodtoestand, toe die woord die Hemel bereik het dat God se seun en Sy dogter, Sy kinders wat Hy in Eden geplaas het, hulle plek in genade verloor het, en weggegaan het van God, en teruggeval het en nakend was. Die Hemel kon Hom nie langer vashou nie. Hy het afgekom aarde toe, heen-en-weer deur die tuin geloop, geroep: "Adam, Adam, waar is jy?"

79 Die mens het toe heeltemal gewys waarvan hy gemaak was. In plaas van om uit te kom na God en te sê: "Ek's verkeerd, Vader. Ek het verkeerd gedoen," het hy homself weggesteek en homself toegedraai in 'n paar vyeblare. Dis wat die mens vandag probeer doen. In plaas van om uit te kom en te sê hy's 'n ongelowige, sal hy probeer sê: "Ek's 'n Presbiteriaan, Baptis, Metodis, Lutheraan," of iets anders. In plaas van om homself toe te draai in die geregtigheid van God, en sy sonde te bely dat hy verkeerd en 'n ongelowige is, probeer hy agter een of ander kerkteologie wegkruip. Kom agter dit uit, Adam, jou ongelowige. Let op, dis egter wat hy doen.

80 En let op, God het nooit 'n Engel afgestuur om Sy kind te vind nie; Hy het Self gekom. Dit was die ware . . . Die rede waarom ek vandag dink, vandag wanneer hulle probeer in hierdie dag van moderne godsdiens, hierdie dag wanneer sosiale godsdiens die land oorheers, in alle verskillende denominasies inkruip . . . Hulle probeer die Goddelikheid van Jesus Christus wegneem en Hom net 'n man maak.

81 Ek het, nie lank gelede nie, met 'n vrou gepraat. Sy het gesê: "Ek waardeer jou boodskappe, Broer Branham, maar jy lê te veel klem op Jesus. Jy spog te veel met hom."

Ek het gesê: "As ek tien miljoen tonge gehad het, kon ek nie genoeg met Hom spog nie." Ek het gesê: "Hy's waardig van alles waaroor ek kan spog."

Sy het gesê: "Wel, daar's een ding: jy probeer hom Goddelik maak."

Ek het gesê: "Hy was Goddelik."

"O," het sy gesê: "hy was net 'n man. Hy was 'n goeie man."

82 Hulle glo nie in Sy Versoeningsbloed nie. Luister, as daardie die bloed van 'n Jood of Heiden was, is ons almal verlore. Dit was die Bloed van God Self. Hy was geen Jood of Heiden nie: Hy was God, gemanifesteer in die vlees. Dis presies.

83 Wat het gebeur? Die bloed kom van die manlike geslag af. Ons weet dit. 'n Hen kan 'n eier lê, maar as sy nie by die manlike voël was nie, sal dit nooit uitbroei nie. Dis onvrugbaar. Die baba word uit die vrou gebore; dit word toegedraai in haar bloed, maar nie een deeltjie van haar bloed nie. Die hemoglobien is in die manlike geslag. So ons kan . . .

84 Net soos, dit word lentetyd. En ons let op dat ou moedervoëls hier uitgaan en vir hulle 'n nes maak, vir haar 'n nes vol eiers lê. En sy kan op daardie nes gaan sit en oor daardie eiers waak tot sy so swak is, dat sy nie van die nes kan afvlieg nie, so getrou, so ordentlik teenoor haar eiers. Sy draai hulle na *hierdie* kant en draai hulle na *daardie* kant toe. Sy sterf van die honger, maar sy's bang sy sal . . . hulle sal ontbloot word as sy van die nes af wegvlieg. Sy's 'n getroue moeder en probeer oor daardie

eiers waak. Maar as daardie mannetjie . . . daardie wyfie voël wat daardie eiers gelê het, as sy nie by die mannetjie voël, die maat was nie, sal daardie eiers, maak nie saak hoeveel sy oor hulle waak, hoe goed sy hulle behandel nie, hulle sal reg in die nes vrot. Dis presies reg.

85 Dis wat fout is met baie van ons ou, koue, formele kerke vandag, hulle het 'n nes vol vrot eiers. Al wat hulle is, is professors, en was nooit by die Maat, Jesus Christus, nie. Enigste ding om te doen, is om dit skoon te maak, en oor te begin met mans en vroue wat in aanraking was met die Maat, Jesus Christus, met Sy kerk.

86 Hoe kan hulle die bonatuurlike krag van God glo, wanneer hulle niks het om mee te glo nie? My ou mamma, van die Suide, het vir my vertel, gesê: "Skat, jy kan nie bloed uit 'n raap kry nie, want daar's geen bloed daarin nie." Hoe kan jy geloof uit 'n persoon kry wat niks het om mee geloof te hê nie? As jy nog nooit wedergebore is uit die Gees van God nie, ken jy nie die eerste beginsel van die krag van die opstanding van ons Here Jesus Christus nie. Dis reg. Hulle verstaan dit nie. O, ons het hulle. En hulle is groot betalers in die kerk, en ons maak hulle diakens en al die res, en waak oor hulle, en hulle is net ongelowiges om mee te begin.

87 Nou, hoe waar is dit, om die paringstyd te sien. Die Maat . . . Nou behoort die paringstyd te wees, wanneer die—die kerk in aanraking kom met Christus en die regte egte Heilige Gees geloof kry.

88 En hierdie dame het vir my gesê, sy het gesê: "Broer Branham, jy het gesê jy was 'n fundamentalis; jy het net gesê wat die Skrif gesê het en daarby gebly."

Ek het gesê: "Ek het."

En sy het gesê: "Ek kan vir jou bewys dat hy nie Goddelik was nie."

89 Ek het gesê: "As Hy enigiets minder as God was, was Hy die grootste bedrieër wat die wêreld ooit gehad het." Ek het gesê: "Die Heilige Gees, God, het die maagd oorskadu en 'n Bloedsel in die skoot gevorm. Hierdie Bloedsel was die Seun van God. Deur daardie Bloed het ons vergifnis van sonde. Die man het niks van daardie vrou geweet nie. Sy het gesê: 'Ek het nooit 'n man gehad nie.' En dit was God wat Self getabernakel het by die mens: God, Self."

Sy het gesê: "En jy maak hom Goddelik."

Ek het gesê: "Hy was Goddelik."

Sy het gesê: "Ek sal dit met jou eie Bybel bewys dat hy nie Goddelik was nie."

Ek het gesê: "Laat ek hoor wat jy sê."

90 Sy het gesê: "In Johannes, die 11de hoofstuk, toe Jesus na die graf van Lásarus toe gegaan het, het die Bybel gesê: 'Hy het geween.' En as hy Goddelik was, kon hy nie huil nie."

91 "O," ek het gesê: "dame, dis dunner as die aftreksel wat gemaak is van die skaduwee van 'n hoender wat van die honger doodgegaan het." Ek het gesê: "Hoe kan jy enige teologie daarop baseer?" Ek het gesê: "Hy was beide Mens en God."

92 "Geen mens het God op enige tyd gesien nie, maar die eniggeborene van die Vader het Hom verklaar. God was in Christus om die wêreld met Homself te versoen." Presies reg.

93 Ek het gesê: "Dit was waar, toe Hy afgegaan het na die graf van Lásarus toe, het Hy gehuil soos 'n mens; maar toe Hy daardie skouertjies regop getrek het, daar uitgekyk en gesê het: 'Lásarus, kom uit,' en 'n man wat al vir vier dae dood was, op sy voete gestaan en weer gelewe het, was dit meer as 'n mens. Dit was God wat deur Sy Seun gespreek het. Reg! Dit was God in Hom. Hy was 'n Mens toe Hy die aand honger van die berg afgekom het, op soek na iets om te eet aan daardie boom; Hy was 'n Mens toe Hy honger was, maar toe Hy vyf broodjies en twee vissies gevat en vyfduisend gevoed het, was dit meer as 'n mens. Dit was God Wat kon skep. Nie nog 'n vis nie; maar 'n gaar vis, nie nog koring nie; maar gebakte brood. Hy was God, die Skepper."

94 Hy was 'n Mens wat daaragter gelê het in die agterkant van die . . . daardie boot daardie nag, toe die duiwels gesweer het hulle sou Hom verdrink. Miskien het tienduisend duiwels van die see gesê: "Ons het hom nou aan die slaap en ons kan hom verdrink." Die bootjie het rondgedobber soos 'n bottelprop in die storm daarbuite. Hulle het gedink: "Ons het hom nou." Hy was 'n Mens toe Hy aan die slaap was, vermoeid en moeg van Sy diens, maar toe Hy Sy voet op die rand van die boot gesit het, opgekyk en gesê het: "Swyg, word stil," en die winde en die golwe Hom gehoorsaam het, was dit meer as 'n mens.

95 Toe Hy op die kruis gesterf het, het Hy uitgeroep soos 'n mens. "My God, wees genadig. My God, My God, waarom het U My verlaat?" Hy was 'n Mens in Sy dood; maar op Paasoggend, toe Hy die seël gebreek het van die dood, hel, en die graf, en weer opgestaan het . . .

96 O, dit het elke digter en liedjieskrywer wat daar ooit was, geïnspireer. Elke mens wat ooit enigiets werd was, het geglo dat Hy Goddelik was. Dit het digters en profete deur die jare geïnspireer. Een lewende . . . een het 'n gedig geskryf, dit het gesê: "Wanneer ek die wonderlike kruis aanskou waarop die Prins van die Heerlikheid gesterf het, beskou ek al my roem as 'n verlies."

97 Eddie Perronet het gesê: "Alle eer aan die krag van Jesus' Naam. Laat Engele plat neerval. Bring die koninklike kroon en kroon Hom Here van almal."

98 'n Ander, blinde Fanny Crosby het gesê: "Gaan my nie verby, O liewe Heiland, hoor my nederig' roep; wyl U ander roep, gaan my nie verby. U, die Stroom van al my troos, meer as lewe vir my; wie het ek op aarde behalwe U? of wie in die Hemel soos U?"

99 Nog een, Claire, het hierdie geskryf: "Lewend, het Hy my liefgehad, sterwend, het Hy my gered; begrawe, het Hy my sonde ver weggedra. Opgestaan, het Hy my vryklik vir altyd regverdig. Eendag kom Hy, o wonderlike dag."

Enige mens sou glo Hy was Goddelik. Beslis.

100 O, toe God 'n konferensie in Eden gehou het, Sy seun was verlore, Sy kinders was verlore. Dis hoekom Hy nooit verlossing aan enige Engel of enigiets anders as Homself toevertrou het nie. Ons is verlos deur die Bloed van God. En nou daardie Bloedsel, dis wat ons vrymoedigheid gee om op Sy Woord te staan. Dis wat ons vrymoedigheid gee om duiwels en opposisie te trotseer, omdat ons weet ons kom bedek met die Bloed van die Here Jesus, wat die Goddelike kragte is, in die Bloed van Jesus.

101 Nou, hou Hom dop. Ons sien hierdie konferensie, God wat deur die tuin van Eden kom. Daar is iets wat gedoen moet word, daar's 'n noodtoestand. Sy kinders is verlore, hy weet nie wat om te doen nie. Kom af in die tuin, begin soek na hulle. Toe Hy hulle daar agterin gevind het, wat wegkruip agter een of ander soort mensgemaakte geloofsbelydenis, wat het Hy gedoen? Hy het 'n sekere boom gekies en hulle uitgeroep. En Hy het 'n konferensie gehou, en daar is 'n besluit geneem: hoe die mens verlos moes word. En die mens het van toe af vyeblare vasgewerk; maar God het nog nooit enigiets, behalwe die bloed erken, waarmee Hy begin het aan die begin nie.

102 Elke man en vrou deur die eeu, elke profeet, elke persoon, het altyd op daardie beginsels gegaan. Job het vas gestaan daarop. Die enigste plek van ontmoeting vir Israel, was onder die gestorte bloed. Die enigste plek waar die Shekinah Heerlikheid geval het, was onder die gestorte bloed. Die enigste plek waar die Shekinah Heerlikheid sal kom. . . Moenie dat ek julle gevoelens seermaak nie, Baptis, Presbiteriaan. Maar die enigste plek waar die Shekinah Heerlikheid val, is onder die Bloed. Dis hoekom julle hierdie Shekinah Pinkster Heerlikheid voel, is omdat dit onder die Bloed is, van die gestorte Bloed van die Seun van God. Terug na die Shekinah Heerlikheid, toe Hy Sy Eie Bloed geneem het en die voorhangsel in twee geskeur het, en ons in die Teenwoordigheid van God ingekom het, die Shekinah Heerlikheid, waar Sy seëninge. . . O, dit maak nuwe mense van oues.

103 Aäron het een jaar sy staf daar gelos en dit het gebot en geblom terwyl dit in die teenwoordigheid van die Shekinah Heerlikheid was. Enige mens wat in die Teenwoordigheid van God se Shekinah Heerlikheid lê, sal 'n ou dooie sondaar neem,

dood in sonde en oortredinge, en hom laat uitblom tot 'n nuwe skepsel in Christus Jesus.

104 'n Konferensie, 'n konferensie, God het Sy besluit geneem. Dis wat ons die Eden Konferensie sal noem. Julle weet, hierdie tyd gaan te vinnig verby. Sien, jy begin nie eers tot jy . . . dit tyd is om te stop nie. Die Shekinah Heerlikheid by die Eden Konferensie.

105 Nou, daar was nog 'n konferensie. Kom ons verwys na nog twee of drie sommer gou, as julle wil. Daar was nog 'n konferensie. Kom ons noem dit die "Brandende Bos Konferensie." Daar was eenmaal 'n man wat weggehardloop het, 'n wegloper-profeet wat God gehad het. Uitgegaan en met 'n vrou getrou, en 'n seuntjie, genaamd Gersom, gehad. Sy naam was Moses. So hy sou al die troppe van Jetro erf, en hy het baie goed gedoen, soos hy een oggend onder die berg was. O, hy het klaar vergeet van die laste van die mense onderin Egipte, want dit het redelik goed gegaan met hom.

106 Ek dink dis net omtrent hoe die Pinksterkerk geraak het, vergeet van die laste van daardie sondaars. Dis nie net die Pinksterkerk nie, maar die Metodiste, die Baptiste, die Presbiteriane. In plaas van om hulle terug te kry by God . . . En enige mens, ek gee nie om watter teoloog jy is, of aan watter kerk jy behoort nie . . . Daar was een kerk, en die hele Christendom het begin op die dag van Pinkster met 'n Pinksterondervinding. Die Katolieke kerk het gesê dit was hulle. Almal probeer terugverwys soontoe, maar as dit hulle was, waarom volg dieselfde heerlikheid en dieselfde tekens dan nie daardie kerk wat toe was nie? Sekerlik.

107 Nou, daar was 'n konferensie. God het Sy wegloper-profeet gesien; en wanneer God 'n man kies om 'n ding te doen, is daar geen manier vir hom om daarvan weg te kom nie. God spook by hom. Miskien is sommige van julle hier vanaand, 'n afvallige, jy sal ellendig wees al die dae van jou lewe (en jy behoort te wees) tot jy jouself aan God oorgee. Daar was hy.

108 Party van julle vroue, party van julle mans, gaan weer uit in die wêreld, gaan na danse en dinge, terwyl julle beter geleer was. Vandag is dit 'n skande wat ons Pinksterkerke geraak het. Soos David duPlessis 'n tyd gelede gesê het, waar ons beland het. Julle weet ons Pinksterkerk is net soos ons Metodiste kerk wat ons in hulle geboue is vanaand; soos die Baptiste kerk, die Presbiteriaanse. As Metodisme sal teruggaan na John Wesley se lering, sal dit in die haak wees. Sekerlik. As die Baptiste sal teruggaan na John Smith, die Lutherane sal teruggaan na Martin Luther, en as Pinkster sal teruggaan na Pinkster, dis reg, sal dit in die haak wees.

109 Dit het reg begin, maar die ding daarvan is, ons neem kleinkinders aan. God het nie enige kleinkinders nie. Hy het

nie kleinseuns nie; Hy het net seuns. Ons neem ons kinders in en plaas hulle op die wiegierol, soos Metodiste en Baptiste en almal van hulle. Hulle kom in die kerk in, en ons neem hulle in as Pinkster; en weet niks meer van God af as wat 'n konyn van sneeuskoene weet nie. Wat ons vandag nodig het, is 'n terug na die ondervinding van God, en weer terug met die Heilige Gees. Dis reg.

110 Nou, verskoon daardie uitdrukking. Dit klink ontheiligend. Ek het nie bedoel om dit net so te sê nie. Maar dis die waarheid. Dis reg. Ons moet terugkom by . . . God het nie kleinkinders nie. Hy het seuns, maar nie kleinseuns nie. Geen plek in die Bybel waar God 'n kleinseun gehad het nie. Elke persoon moet kom en dieselfde prys betaal, moet op dieselfde manier kom. God het net een Weg, en dis Jesus, en jy moet daardie Weg volg. Sonder dit, is daar geen manier om Hom te bereik nie.

111 Nou, ons vind uit dat Moses baie tevrede was. Alles het goed verloop, en hy het die hele las verloor vir die mense wat daaronder in slawerny was. En eendag het God besluit Hy gaan hom roep. En so het Hy 'n plek gekies, 'n sekere boom.

112 En waar God afkom is daar, op een of ander manier, is daar altyd 'n klomp Vuur waar God is. As jy is waar God is, is daar baie geraas en baie Vuur. Ek weet nie hoekom nie, maar dit was altyd so. Dis Skriftuurlik. Ja, meneer, dis altyd baie Vuur. En dit kos in elk geval Vuur om die kerk te beweeg. Jy sal dit nooit doen nie. Jy sal hulle nooit beklee met vyeblare nie. Jy sal hulle nooit beklee met Pinkstervyeblare nie. Hulle moet terugkom na die Vuur. Dis reg.

113 Eenkeer het ek en my broer, toe ons seuntjies was, het ons geloop en ons het 'n skilpad gesien. Ons het gedink dis die snaakste skepsel wat ons nóg gesien het, manier wat hy daardie pote gegooi het. Julle Illinois mense weet wat skilpaaie is. En hier het hy aangeloop gekom. Ek het gesê: "Lyk hy nie snaaks nie, broer?" Ons het nader geloop.

114 Laat my net aan baie mense dink, wanneer jy op hulle trap met die evangelie, julle weet. Hulle gaan: "Shew," kruip terug in hulle dop, julle weet. "Ek's *So-en-so*. Ek behoort aan hierdie organisasie." Dit het nie een ding daarmee te doen nie. Dis reg. "Ek behoort aan *So-en-so*." Wel, ek sou skaam wees om dit te erken. Ek bedoel daar mag vergifnis wees as jy baie hard probeer bely. Jy mag dalk daarvoor vergewe word.

115 God erken geen organisasie nie. Hy erken die Bloed van Sy Eie Seun, Jesus Christus. En dis al. "As Ek die Bloed sien, sal Ek by jou verbygaan." Ja.

116 Ek en hierdie seun was daaragter, en hierdie ou skilpad. Ek het gesê: "Weet jy wat gaan ek doen, Skat? Ek gaan hom daar laat uitkom." Ek het gegaan en vir my 'n stokkie gekry en ek het hom geslaan. Dit het glad nie gehelp nie. Jy kan hulle nie daarin

inslaan nie. Dis al wat dit is. Jy kan hulle nooit terugkry deur hulle te slaan nie. Dis reg. Ek het dit vir tien jaar probeer en kan dit nie doen nie. Jy kan hulle nie terugslaan soontoe nie.

117 So ek het gesê: "Ek sê jou wat ek sal doen. Ek sal hom kry." Daar het 'n spruit daar langsaan geloop, so ek het gegaan en hom onder die water ingedruk. Net 'n paar borrels het opgekom en dit was al. Broer, jy kan hulle gesig vorentoe doop, agtertoe, drie keer, vyf keer, en dit help niks; net 'n paar borrels kom op en dis al wat oor is. Dis reg. Of: "Prys God, ek het jou gesê ek sou dit doen," getuienis. Dis omtrent al wat daar is.

118 Weet julle hoe ek hom uiteindelik gekry het om te beweeg? Ek het vir my 'n vuurtjie gebou en die kêrel daarop gesit. Tóé het hy beweeg. Uh-huh. Wat die kerk nodig het, is nog 'n Pinkstervuur; die Heilige Gees laat die kerk terugbeweeg in die tuig van God; terug na die tuig.

119 God gee nie om aan watter organisasie jy behoort nie. Hy is in elk geval teen almal van hulle gekant, so wanneer . . . Wel, dis waar. Ek kan dit met die Skrif bewys. Katoliek was die eerste organisasie, wat 'n prostituut was en sy het dogters gehad. Nou, jy kan jou pad uitlê . . .

120 Enigiemand wat ooit die Niceense Raad gelees het, die Pre-Niceense vaders, enigiets, sal julle sien waar dit eers gekom het by die Nikolaïete wat God die daad gehaat het. Toe, voor jy jou kom kry het dit 'n doktrine geword. Wat was dit? *Niko* is "om te onderdruk"; *laïete*: "of die lekedom": en die lekedom te onderdruk. Die heiligheid op die platvorm te sit en die lekedom daarvoor te laat betaal. So daar het julle dit. So dis net presies dit. So ons almal volg in dieselfde voetspore en gaan weer reguit in die duisternis in, net so vinnig as wat ons kan.

121 Ek het altyd beeste opgepas. Ek het eenkeer daar gestaan. Die Hereford Vereniging bewei die—die Troublesome Rivier Vallei, en as jy 'n ton hooi kan kweek op jou plaas, kan jy 'n koei in die weiveld sit. En dan, soveel ton as wat jy kan kweek, dis hoeveel beeste jou—jou plaas kan produseer. Hulle brandmerk hulle en sit hulle daarbo. Hulle het 'n draad gespan op privaat eiendom, soos hulle van die berg afkom. Ek het altyd baie dae daar gesit saam met 'n veldwagter, met my been om die horing van die saal, om hulle dop te hou soos hulle verbygegaan het.

122 En daardie veldwagter sou daar staan. Daar . . . Wel, ons s'n was die Kalkoenspoor, en die buurman s'n was die Driehoek, die Diamantstreep, en Grimes langs ons; en heelpad op-en-af daar, allerhande soorte brandmerke wat daar deurgegaan het. Maar weet julle wat? Daardie veldwagter het nooit enige van die brandmerke opgelet nie. Hy sou miskien daarna kyk en rondkyk, maar dit was nie dit nie. Hy het nooit die brandmerk opgelet nie, maar hy het beslis gekyk na die bloedplaatjie. Daar was geen

koei wat in daardie weiveld kon ingaan as sy nie 'n geregistreerde Hereford was nie.

123 Dis hoe dit sal wees by die Oordeelsbank. Hy sal nie vir jou vra of jy behoort aan die Kerk van God, Gemeentes van God, of Pinkster Heiligheid, óf of jy Eenheid, Tweeheid, Drieheid, Vierheid, Vyfheid is, of wat ook al jy is nie. Hy sal soek na die Bloedplaatjie. En dis wat jou sal inneem, sal die Bloed wees. "As Ek die Bloed sien, sal Ek by jou verbygaan." Dis presies reg, broers, sien. Dis reg.

124 So om terug te kom, nou, vind ons uit dat daar 'n konferensie was. Hulle het alles vergeet. . . Hulle het. . . Moses het in sy geloofsbelydenisse beland daarbuite en die las vergeet. Maar God het 'n plek gekies en Hy het 'n konferensie gehou. En Hy het Moses geroep. "Trek uit jou skoene Moses, jy's op heilige grond. Ek het die jammerklagte van My volk gehoor. Ek het My beloftes onthou, wat Ek aan Abraham gemaak het, en Ek gaan jou afstuur om hulle te verlos."

125 Nou, Moses het geweet daardie Stem was God, want dit was Skriftuurlik. Nou, enigiemand wat—wat verbygaan en 'n stem sien, en as dit. . . hulle. . . dit nie 'n Skriftuurlike stem is nie, los dit uit; as die Bybel so sê, glo Dit dan, want Dis 'n Skriftuurlike Stem. Mense wat "engele" sê ensovoorts, Joseph Smith het een gesien. Ek verskil van Joseph Smith, want dit was nie Skriftuurlik nie, maar ek sê nie die man het nie 'n engel gesien nie. Ek trek nie die man se woord in twyfel nie. Daar was baie engele, ensovoorts, wat gesien is. Maar as enige engel. . . Paulus het gesê, in Galásiërs 1:8: "As 'n engel uit die Hemel kom, en enige ander evangelie verkondig as dit wat ek alreeds aan julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees." Dis reg. Bly by die Woord; reg by die Woord; en wat die Woord sê, bly net daarby. Moet dit nie verlaat nie.

126 En Moses het gesien dat die konferensie wat hy met God gehou het, of God met hom gehou het, presies Skriftuurlik was, omdat God die belofte gemaak het en Hy gesê het Hy sal hulle verlos. En God het gesê: "Ek het jou gekies, Moses, en jy gaan dit doen." Moses gaan reguit in Egipte in en het die wonderwerke gedoen wat God hom gesê het. Ons het nie tyd om daarop in te gaan soos wat ek wil nie, maar julle verstaan.

127 Toe hy weer uitgekom het, die kinders van Israel uit die beloofde land uitgebring het, het die Skelfsee reg in die pad van plig gelê. Dis vreemd hoe God Sy kinders reg in strikke kan inlei; partymaal rystoele, partymaal hartaanvalle, partymaal lei Hy Sy kinders. . . Hoekom? Om te kyk wat hulle sal doen, sien hoe. . . kyk watter reaksie hulle op 'n aksie sal hê, kyk wat hulle sal doen.

128 Elke seun wat na God toe kom, moet getoets, beproef word. In die Ou Testament is 'n seun in 'n familie gebore, maar hy—hy

moes geleer en grootgemaak en beproef word. En dan is hy as 'n seun geplaas, of aanneming, geplaas in die liggaam, of in . . . Dan, as hy geplaas is, eers geplaas is, dan was sy naam net so goed op die tjek as sy vader s'n. Hy was erfgenaam van alles. Dis waarheen God Sy kerk bring, deur hulle die toetse te gee.

129 Daar het die Skelfsee reg in die pad van plig gelê. Wat kon hulle doen? Nou, dit het gelyk of die hele natuur geween het vir hulle. Daar was Farao se leër oppad, die strydwaens. Hier was die berge aan elke kant. Die Skelfsee het hulle in 'n lokval gehad. Gelyk na 'n . . . gelyk asof die natuur sou geskree het, met daardie groot leër van twee-en-'n-halfmiljoen mense daaronder in daardie vallei, hulpeloos, geen swaarde nie, niks om mee te veg nie. So wat het gebeur? Daar was 'n noodtoestand, en Moses het 'n sekere rots uitgekies en daaragter ingegaan en vir 'n konferensie gevra. Ek hou daarvan. "Wat moet ek doen, Here?"

130 Sou dit nie goed wees as al die kerke net nou vir 'n konferensie sou vra nie? Wanneer ons sien hoe dinge gaan, as ons nie vir 'n konferensie kon vra, en besef en teruggaan en uitvind watter soort kerk God aan die begin gehad het nie? Vir 'n konferensie vra en dit met mekaar bepreek nie? Kyk wat die eerste kerk gedoen het, watter soort Gees in hulle was, en watter soort tekens hulle gevolg het, watter soort bediening hulle gehad het, watter soort mense hulle was? Sou dit nie wonderlik gewees het as ons dit gedoen het nie? Dit sou 'n wonderlike ding wees!

131 Moses het dit gedoen. Hy het oorkant agter 'n rots iewers ingekruip, en gesê: "Here, wat kan ek doen? Hier's hierdie mense. Ek's net op my pos. Ek het presies gedoen wat U my gesê het om te doen. En hier kom ek reg hierteen te staan."

132 Miskien sit jy hier vanaand, 'n ou moeder, wat 'n klomp kinders grootgemaak het. Hulle grootgemaak soos Susanna Wesley. Sy het sewentien kinders gehad, tog kon sy drie ure per dag vind om te bid en hulle na God te lei. Dis hoekom sy 'n Charles en 'n John gehad het. Deesdae druk ons 'n knoppie, was die skottelgoed; druk ons 'n knoppie, was die klere; en het tyd vir niks. Sien, iets is êrens verkeerd; nou, o hoe die duiwel met mense kan maak.

133 Let op, maar nou het hulle hierdie konferensie gehad, en Moses het God geraadpleeg. Hy het daar gewag tot hy opdragte gekry het, soos Adam het. Hy het gewag tot daar opdragte was wat om te doen. Moses het gewag tot hy opdragte gekry het, soos hy daarbo het. "Wat . . . ? Hoe gaan ek hulle verlos? Wat kan ek doen?"

"Gaan ondertoe en sê vir hulle, EK IS het jou gestuur." Dit was dit.

134 Nou, hier is hy weer net reg in orde, reg op sy pos, en die vyand kom nader. Miskien het hy nadergekom na jou, miskien op jou, miskien op jou, jou, jou, hier oral. Hartprobleme; siektes;

beproewinge van die liggaam; wat kan jy doen? Het jy gebid? Is alles reg? Laat ons dan 'n konferensie hou. Amen! Kom ons vind uit wat om te doen.

135 Jy sê: "Broer Branham, ek het probeer om die Heilige Gees te kry. Ek het God gesoek, ek het God gesoek, en ek kan nie die Heilige Gees kry nie."

136 Kom ons hou dan 'n konferensie en vind uit wat verkeerd is. Die Heilige Gees is 'n Openbaarmaker van die verborgenhede van die hart. Die Bybel het so gesê. Kom ons vind uit wat verkeerd is. Kom ons kyk wat die rede is waarom jy nie die Heilige Gees ontvang nie. Vind uit wat verkeerd is. Laat ons 'n konferensie hou.

Moses het 'n konferensie gehou, en hy het gewag tot hy opdragte gekry het.

137 Ek is gekant teen baie van hierdie super-doeper Goddelike genesing wat hulle vandag in die land het. Julle mag miskien nie van my hou na hierdie opmerking nie, maar is, ek gaan dit in elk geval sê. Hulle het soveel super-doeper goed. "O, Goddelike genesing, almal, al wat jy moet doen is (Halleluja!), is om hulle hande op jou te laat lê, prys God!" Dis nie so nie. Bekeer, en kom reg met God! Dis wat ons nodig het: meer bekering.

138 Ek het 'n brief van die Lutherse kerk gelees, nie lank gelede nie. Sê dit nie komplimentêr nie, God weet dit in my hart, oor hierdie Bybel. Hy het regtig een van daardie evangeliste uitmekaar uit geskeur oor sommige van hulle super-doeper idees oor genesing. Gesê: "Wat van klein Deborah Stadsklev, toe die moeder hiernatoe gery het en daar gestaan het toe . . . "

139 Daardie babatjie was . . . het daardie nag gesterf, en hierdie was die volgende middag. Dood, die dokter het dit dood verklaar en alles; koud en styf. Dit oorkant in my arms gelê en ek het daarvoor gebid. Die baba het, dit het gehuil; dit teruggesit in sy moeder se arms. Hierdie moeder het daar gestaan om dit te sien. Sy het geskryf toe haar babatjie siek geword het in Duitsland, Mev. Stadsklev, Kaptein Julius Stadsklev, hy's 'n vriend van Billy Graham, een van my medewerkers in die diens, het daardie boek geskryf wat julle nou hier kry, *'n Profeet Besoek Afrika*. En nou . . . en was daar teenwoordig toe die Engel van die Here gekom het en Sy foto geneem is, daardie Vuurkolom wat afgekom het, in die dienste kom. Hy het die foto daarvan geneem: dit alles gesien.

140 En so hy . . . toe sy baba gesterf het, kon daardie moeder geen vrede hê nie. Sy het uit Duitsland geskakel, en die straalvliegtuie van die Amerikaanse Lugmag sou my daar oorkant na Duitsland toe vlieg. Gesê: "Hierdie baba kan weer opgewek word."

141 Ek het gesê: "Laat ek sien wat die Here sê." En ek het gewag, en ek het gewag. Twee dae het verbygegaan. Die dokter was baie gaaf. Hulle het nie eers . . . hulle het hulle daar gehad besig om

oor die baba te skree, en te gil en aan te gaan soos daardie, en alles, maar geen lewe nie. Ek het nog gewag.

142 Een oggend het die Heilige Gees my wakker gemaak en gesê: "Jy moenie daaraan raak nie, moet dit nie bestraf nie. Dis die hand van die Here." En ek het vir hulle laat weet.

143 Daardie Lutherse prediker het gesê: "Waarom het jy nie soos *daardie* gewag tot jy 'n duidelike besluit van God gekry het nie?" Dan weet jy waar jy staan. Wag tot jy SO SPREEK DIE HERE het, dan weet jy waar jy is.

144 [Leë kol op band—Red.]. . . hare. . . Iets het iewers verkeerd gegaan. Iets het gegaan. . . Hulle doen dit beslis nou. Hulle sê dis hoofpyne. Wel, broer, dan behoort daar nie 'n hoofpyn in die land te wees nie. Ja, ja, meneer. Daar's iewers iets verkeerd.

145 En dit was altyd verkeerd vir die Pinkstervroue. . . Ek was nie 'n lank in die Pinksterbeweging nie, maar ek sien dit geleidelik groter word, groter word, word. . . Julle kyk te veel televisie, te veel goed wat julle nie moet wees nie; in plaas van om bidure te hê en terug na die kerk van God, daardie gebedsaande soos wat hulle gehad het. Geen wonder ons kan nie 'n herlewing hê nie.

146 God kan 'n Oral Roberts stuur, 'n Tommy Hicks, en *wat*, oor die land, en steeds het ons niks om op te bou, totdat ons terugkom by die outydse Sint Paulus herlewing en die Heilige Gees weer laat herleef in die kerk nie. Diakens in die kerk wat vier of vyf keer getroud is en al dié soort goed, wanneer julle weet dis nie die Bybel nie. Amen.

147 Ek het nou die dag vir 'n dame gesê. . . Sy het gesê: "Ek sal jou sê, ek dra nie daardie kortbroekies nie." Gesê: "Ek dra langbroek."

148 Ek het gesê: "Dis erger." Reg. Ja, sy's. . . Dit is! Die Bybel het gesê dis 'n gruwel vir 'n vrou om mansklere te dra. Dis vieslikheid. Ja. 'n Sekere vrou het gesê hulle maak nie meer klere nie. Hulle maak nog naaimasjiene en jy kan materiaal koop. Daar's geen verskoning nie. Wat jy nodig het, is die doop van die Heilige Gees. Die styl wat hulle begin, is 'n bespotting. Amen. Julle—julle dink ek is buite myself, maar ek is nie. Ek weet presies waar ek is. Um-hum. Dis reg. Ja.

149 Trek so aan en gaan op straat. Jy mag so maagdelik teenoor jou man wees as wat jy kan wees, jy mag so 'n maagdelike dogter wees teenoor jou kêrel as wat jy kan wees, maar op die Oordeelsdag sal jy antwoord vir owerspel. Jy sal skuldig wees aan owerspel pleeg. Jesus het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds owerspel gepleeg met haar in sy hart." Jy het jouself so vertoon en die sondaar het na jou gekyk. Wanneer hy antwoord vir owerspel, wie's skuldig? Jy, omdat jy jouself so vertoon het. Amen.

150 Nou, dis die waarheid. Moeie kwaad raak vir my nie. Dis die Woord van die Here. O, wat ons nodig het, is ’n konferensie in Pinkster. Ja, meneer. Presies reg, terug na ’n Pinksterkonferensie.

151 Ons vind uit dat Moses daar gestaan het tot God hom opdragte gegee het. En toe hy agter daardie rots uitgekom het, kon ek my verbeel dat hy gesê het: “Kom ons gaan vorentoe.”

Party van hulle het gesê: “Vorentoe waarheen?”

152 “Hou net aan beweeg, dis al.” Toe sy voet die water getref het, het die Skelfsee terugbeweeg en die droë grond het oorgekom. En hy het oorgeloop op droë grond, omdat hy ’n konferensie met God gehad het.

153 O, daar’s baie konferensie waaroor ons kon praat. Daar was ’n konferensie van die—van die vuuroond, daar was ’n konferensie in die leeukuil. Ons het baie konferensies gehad.

154 Kom ons kom by nog een. Dit word die “Getsémane Konferensie” genoem. Daar was ’n verskriklike konferensie. Hy hoef nie as ’n jong Man te gesterf het nie. Hy hoef dit nie te gedoen het nie. Maar toe Hy die verlore mensdom in sy toestand gesien het, gesê: “Nie My wil nie, maar U wil geskied.” Engele het gekom en Hom versterk. Dis wat . . .

155 Toe, na Sy dood, begrafnis, en opstanding, moes daar nog ’n konferensie wees; hoe die Christenkerk bestuur moes word. Um-hum. Of dit bestuur moes word deur biskoppe, óf of dit bestuur moes word deur pouse, of hoe dit bestuur moes word. So Jesus het vir hulle gesê in Lukas 24:49: “Wag net daarbo in die stad van Jerusalem. Ek gaan op om ’n konferensie te hou met die Vader. Ek sal julle na ’n rukkie Woord stuur, maar wag julle daar tot julle . . . Ek sal vir julle sê hoe dit bestuur moet word.” Of Petrus die eerste pous moet wees of nie, um-hum, um-hum, of ons biskoppe en aartsbiskoppe en distrikspresbiters en al die res gaan hê.

“Hoe gaan ons dit doen? Ons sal wag en uitvind.”

156 En hoe hulle gehou het wat hulle die “Pinkster Konferensie” genoem het. Hulle het daardie klein buitetrappies geklim, en opgegaan in die bo-vertrek waar honderd-en-twintig mense vergader het; vetkersie wat gebrand het. Hulle het nie geëet en gedrink vir tien dae nie, gewag. Wat was die resultate van die konferensie? Dit was nogal ’n lange. En hulle het tien dae gewag, en na ’n rukkie het die resultate gekom. Uh-huh, uh-huh. O, ja.

157 Daar was nie ’n priester wat in die pad afgekom het met sy omgedraaide kraag en gesê het: “Nou, gaan ons die eerste nagmaal neem. Jy steek jou tong uit en ek sal vir jou die beskuitjie gee, en ek sal die wyn drink,” nie. Sou dit nie wees . . . ?

158 Daar was ook nie ’n prediker wat in die pad afgekom het en gesê het: “Gee ons die regterhand van gemeenskap. Ons sal jou

naam op die boek sit en jou ses maande op proeftydperk sit," nie. Nee. Dis die mens se konferensies. Dis hoe hulle maak by die rade en konferensie.

159 Wat het gebeur? Toe die konferensie se resultate gekom het, was hulle almal in een plek en in eendragtigheid, en skielik het daar 'n geluid uit die Hemel gekom soos 'n geweldige rukwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. Tonge van vuur het op hulle gesit, en hulle is almal gevul met die Heilige Gees, en het begin praat in ander tale, soos die Gees hulle uiting gegee het. Dit was die resultate van die algemene hoofkwartier. Die Heilige Gees moes die kerk lei, nie mensgemaakte leerstellinge nie, maar die Heilige Gees. Dit was die Pinkster Konferensie.

160 En ek dink van Martin Luther tot Pinkster behoort almal, deur die bank, terug te gaan en weer 'n konferensie te hê, uit te vind, dis die Heilige Gees wat die kerk moet lei, nie leerstellinge, en geloofsbelydenisse, en *Ave Maria's* en Apostoliese Geloofsbelydenisse nie. Ek wil hê julle moet vir my die Apostoliese Geloofsbelydenis in die Bybel vind. Uh-huh. Daar's glad nie so-iets nie; maar tog buig ons daarvoor, en sê dit, en net soos . . . Dis losie aansluiters; dis nie Christene nie.

161 Christene word wedergebore uit die Gees van God. Die Heilige Gees kom in hulle in, en hulle word gevul met die Gees. Die lewe van Christus lewe deur hulle. "Hulle gaan in die hele wêreld in en verkondig die evangelie." Hoe ver? Die hele wêreld. Net vir hierdie geslag? Die hele wêreld. "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Hoe ver? "Die hele wêreld, elke skepsel wat glo." "My Naam sal hulle duiwels uitdryf, spreek met nuwe tale, slange opneem, of iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie. Op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word."

162 Dis wat die opdragte was. Dit was die opdragte van die konferensie, van God in die Hemel af, het die resultate afgestuur, 'n geweldige rukwind. O, hoe ver . . . ? Ons het nog 'n konferensie nodig, broers.

163 Wat het gebeur tydens die konferensie? Hulle het nie opgeloop en gesê: "Ek skud nou jou hand. Ek sal 'n lidmaat van hierdie kerk word," nie.

164 Kry 'n soutpot en gooi drie of vier besprinkelings wat- . . . grond, of water, wat jy dit ook al wil noem, op hulle en loop weg en sê: "Nou's jy 'n lidmaat." Dis nie reg nie. Nee meneer.

165 Nie eers waterdoop, wat so essensieel is nie: dit was steeds nie die ding nie.

166 Maar daar het 'n geluid gekom, soos 'n geweldige rukwind, het uit die Hemel gekom. Dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Dit was die resultate van daardie konferensie, die manier waarop God besluit het om Sy Kerk te bestuur. Hoe durf ons probeer om een jota daarvan af weg te beweeg! Hoe durf

ons, as mense, om een ding by te voeg of een ding daarvan weg te neem? Hoe kan ons dit doen? Dis hoe die Kerk bestuur moet word: deur die krag van die Heilige Gees.

167 Daar is dadelik nog 'n konferensie gehou. Daardie manne het uitgegaan, die Evangelie verkondig, die siekes genees. Petrus en Jakobus het deur die Skone poort gegaan, en daar het 'n man gelê, wat kreupel was van sy moeder se skoot af. Gesê: "Silwer en goud het ek nie, maar dit wat ek het, gee ek jou: In die Naam van Jesus Christus, staan op en loop." En hy het weggegaan.

168 En wat het toe gebeur? Hulle wou hulle in die tronk sit. Die nuuskolomme het allerhande soorte kritiek daarin gehad. En hulle het hulle net gekritiseer en hulle voor die raad gedaag, die algemene raad van die kerk. Toe hulle het, by die Sanhédrinhowe, het hulle hulle verbied om verder daardie Evangelie te verkondig. So wat moes hulle doen? Hulle was verbied om die Naam van Jesus Christus te verkondig. So wat kon hulle doen? Hulle het nog 'n konferensie gehou: "Handelinge 4 Konferensie" sal ons dit noem, die Handelinge 4. Hulle het saam met hulle eie groep vergader.

169 Sou dit nie goed wees as alle Christene saam met hulle eie groepe wil vergader, en alle groepe sou vergader en 'n konferensie hou: "Wat moet ons doen" nie? Kommunisme wat ons volk ondermyn, ons volk word deurwurm van kommunisme; en die kerk word koud en ritualisties. Die kerke beveg mekaar, skel op mekaar, en lidmate is . . .

170 Jy kan hulle vra of hulle Christene is. Sê: "Ek behoort aan *So-en-So*." Dit het nie een ding daarmee te doen nie. God gee nie [Broer Branham klap sy vingers—Red.] *soveel* om vir jou organisasie nie. Hy wil weet of jy wedergebore is. As jy nie wedergebore is nie, dan is jy nie 'n Christen nie. Jy kan net 'n Christen wees as jy die Lewe van Christus in jou inneem. As die Lewe van Christus in jou is, sal dit die Lewe van Christus voortbring. Kan jy perskes van 'n waatlemoenrank afpluk? Beslis nie.

171 So kyk wat gebeur het. Hulle het bymekaargekom, en hulleself vergader, en hulle het die Skrif aangehaal, die Skrif vir God herhaal. Gesê: "Waarom woel die heidene en bedink die volke nietige dinge?" Telepatie, fortuinvertellery, gedagtelesery, al hierdie nietige dinge, gesê: "Hoekom bedink hulle die nietige dinge? Waarlik, U hand uit te strek, van U heilige Kind Jesus, om te genees."

172 En toe hulle daardie konferensie gehad het, en daar was omtrent . . . Ek reken daar was drieduisend bekeer op die dag van Pinkster, en—en baie honderde en honderde daarna. Hulle was waarskynlik in getal, agt of tienduisend mense, wat vergader het in 'n kamer, om te bid. En toe hulle het, en almal in eendragtigheid gebid het, almal op dieselfde tyd, het die Bybel

gesê dat die gebou geskud is waar hulle saam vergader was. Die antwoord het teruggekom, en die Bybel het gesê hulle het die Woord van God verkondig met vrymoedigheid.

173 Party mense is bang om die Woord te preek. Hulle sal geëkskommuniseer word uit hulle kerk, hulle organisasie. Hulle is bang daarvoor. Dan het ons nog 'n konferensie nodig, Handelinge 4 Konferensie. Is jy bang vir wat iemand gaan sê? Solank God dit gesê het, bly daarby; lewe daarvolgens, sterf daarvolgens. Reg. En jy sal opstaan daarvolgens, die enigste wat jy sal doen, die enigste manier wat jy kan opstaan.

174 'n Konferensie, wat ons nodig het, is 'n konferensie. "Kom, laat ons die saak uitmaak," sê God. "As My eerste kerk. . . " Sou sê, God in die vertrek sou inkom vanaand en sê: "As Ek My eerste Kerk verordineer het en hulle die seëning van Pinkster op hulle gehad het, en wat hulle gedoen het, hulle uitgegaan het en die tekens van die opstanding getoon het; laat ons kom en die saak uitmaak hoekom ons dit nie vanaand in ons Pinkstergroepe, in ons Metodiste groepe, in ons Baptiste groepe, in ons Presbiteriaanse groepe het nie. Wat makeer? Daar's iets verkeerd. So laat ons kom, die saak uitmaak."

175 Hoe kan ons dit uitmaak? met die—met die Metodiste? met die Baptiste? met die Presbiteriane? Nee, meneer. Ons kan dit net uitmaak met God se Woord. En die eerste kerk is gevul met die Heilige Gees, het uitgegaan met groot tekens en wonders. Die Lewe van Jesus Christus het Ditself in die lewe van elkeen van daardie mense geprojekteer. Kom laat ons . . . hoekom . . .

176 "Laat ons die saak uitmaak," sê die Here. "Laat ons kom, en die saak uitmaak. Al was julle sonde, julle ongeloof, soos skarlaken, Ek sal hulle so wit maak soos sneeu. Al is hulle rooi soos purper, hulle sal wit wees soos wol. Ek sal julle 'n herlewing gee. Ek sal al die jare herstel wat die treksprinkaan gevreet het, die kaalvreter gevreet het. Wat die Lutherane gelos het, het die Metodiste geëet. Wat die Metodiste gelos het, het die Baptiste geëet. Wat die Baptiste gelos het, het die Pinksters geëet. Maar Ek sal herstel," sê die Here. Hmm. "Ek sal . . . "

177 Dis 'n gewaarborgde herstel, dis een ding. God het dit in Joël 2 belowe. "Kom laat ons die saak uitmaak." Wat een verslind en gelos het, het die ander een dit verder geneem, totdat dit 'n stomp geword het. Die Pinkster, die ware Pinksterkerk, die ware Pinkstermense, die ware Pinkster ondervinding het begin . . . dis 'n historiese ding.

178 Nou, hoe kan ek staan en julle teologie leer? Wat sal dit my help om julle te vertel dat God eens die siekes genees het, en—en die kreupeles laat loop het en die blindes laat sien het; en Sy Gees uitgestort het, en hulle onderskeiding van gees gehad het, en al hierdie dinge gedoen het; en die teken van die Messias, die opstanding, hulle gevolg het dwarsdeur die kerktydperk; en julle

dan vertel daardie dae is verby? Wat help 'n historiese God, as Hy nie dieselfde God vandag is nie?

179 Wat sal dit help om jou kanarievoël vitamine te gee om goeie vere en sterk vlerkbene te maak, en hom in 'n kou te hou? Wat help 'n skool van teologie, as jy nie die persoon kan laat weet God is steeds God nie? As Hy net 'n historiese ding is, is Hy verby.

180 Maar Hy's nie dood nie; Hy lewe vir ewig. Hy's nou hier. Hy's Christus. Beslis.

181 Ons moet bymekaarkom en die saak uitmaak. Watter soort kerk was dit aan die begin? Dis die soort kerk . . . God is oneindig en kan nie Sy gedagte verander nie. God 'n besluit maak, moet Hy dit hou. Sy eerste besluit van 'n ware Christenkerk, het gebeur met 'n Pinkster ondervinding. Nou, dit was nie 'n Pinkster organisasie nie; dit was 'n Pinkster ondervinding, wat kan kom na Metodis, Baptis, Katoliek, Presbiteriaan, of wie ook al wil. Dis 'n ondervinding wat kom.

182 Liefde, God se liefde. Liefde is die sterkste ding wat daar in die wêreld is. Dit oorwin alles, is liefde. Hierdeur sal julle oorwin, deur Goddelike liefde, mekaar lief te hê, die saak van God lief te hê, Christus lief te hê, die lydende mensdom lief te hê. Dis hoe jy oorwin.

183 Ja, hulle het 'n konferensie gehou, en hulle het opdragte gekry, en hulle het uitgegaan, en hulle het die God van . . . die Woord van God verkondig, met vrymoedigheid.

184 Nou, ek gaan praat oor nog een konferensie net vir 'n oomblik. Julle mag die Geneefse Konferensie misgeloop het. Julle mag dalk nie eers die resultate op die radio gehoor het nie. Julle mag die Getsémane misgeloop het, wat julle het. Julle mag die Skelfsee misgeloop het. Julle het. Julle mag al hierdie konferensies misgeloop het, maar hier's een waar julle gaan staan, dis die konferensie van die Oordeel. Julle gaan almal daar wees. Elkeen van ons gaan voor die Oordeelstoel van Christus staan om rekenskap te gee van wat ons gedoen het met Christus en Sy Woord.

185 Daar gaan 'n konferensie wees, en jy gaan daar wees. Ek gee nie om wat jy met jou lewe doen nie. Jy kan selfmoord pleeg, so skuldig wees dat jy jou liggaam laat verbrand en op die seë uitgeneem word en gewaai word na die vier winde. Jy sal in elk geval daar wees, want elke knie sal buig en elke tong sal bely. Daar mag 'n groot konferensie gewees het, en baie van hulle wat jy sal misloop; maar daar's een wat jy gaan bywoon.

186 En ek sê jou, elke keer wat jy 'n grys haar sien, beteken dit jy gaan. Elke keer wat jy 'n sirene hoor, is jy . . . is dit 'n konferensie wat jy gaan bywoon. Die dood staar jou in die gesig. Jonk of oud, wie jy ook al is, jy's op jou pad. Elke keer wat jy verby 'n begraafplaas gaan, spreek dit dat jy na daardie konferensie toe gaan kom. Elke keer wat jy 'n preek hoor preek word, 'n lied

gesing word, beteken dit jy gaan na daardie konferensie toe kom, en jy daar gaan wees. En jy gaan antwoord vir wat jy met God se Woord gedoen het, en met God se Seun, en met die Heilige Gees wat Hy vir jou gestuur het. Jy gaan antwoord. Jy gaan by daardie konferensie wees.

187 So as julle hier is vanaand, vriende, en nog nooit daardie konferensie met God gehad het nie. . . Party mense se sondes gaan hulle vooruit, bely; party volg. As joune, jou ongeloof, nog nie bely is nie, sal julle nie daaraan dink terwyl ons bid, terwyl ons ons hoofde buig nie?

188 In die eerbied en erns van hierdie oomblik, sal ek 'n ernstige vraag vra wat alle mense moet beantwoord. Wees opreg, en laat hierdie 'n tyd van ondersoek in jou hart wees. Wat gaan jy doen na *hierdie* konferensie?

189 Hierdie is 'n konferensie vanaand, waar ons saam vergader het hier in hierdie gimnasium, om die Woord van God in sale ensovoorts te preek net soos hulle in die vroeë dae het. Dieselfde Woord van God is gepreek. Jy sal eendag daarvoor moet antwoord.

190 Is daar diegene daar . . . hier vanaand, of hoeveel is hulle? (Ek weet daar's 'n groep) wat vir my dit sal sê: "Broer Branham, ek is nog nooit gebore uit die Gees van God nie. Ek het nog nooit God se Heilige Gees ontvang nie. En ek weet, as ek by daardie—daardie konferensie staan, na daar so duidelik vir my gesê is deur die Skrif, bevestig deur die Heilige Gees, ek rekenskap vir my lewe sal moet gee op daardie dag. Ek gaan my hand opsteek na God en Hom vra om my genadig te wees, en ek wil net nou 'n konferensie met God hê. Ek wil graag net nou die saak uitmaak met Hom."

191 Nou, met elke hoof gebuig (Vervloek is die een wat hulle oë oplig.), sal jy jou hand opsteek en sê: "Bid vir my, Broer Branham. Ek het nog nie die Heilige Gees ontvang nie"? God seën jou. Iemand anders? Sekerlik sal julle eerlik wees in 'n tyd soos hierdie; oppad na 'n konferensie. God seën jou, dame. God seën jou, dame. God seën jou *hier*.

192 Julle is oppad na 'n konferensie. En onthou, maak nie saak hoe goed jy in die kerk was nie, dit vers- . . . dit help glad nie. Die Fariseërs het, in die dag van Jesus, 'n baie heiliger lewe gelewe as wat enige van ons hier in Amerika lewe; maar hulle is as boos beskou, omdat hulle sondaars was, ongelowiges in Christus en Sy Woord. En ek het julle duidelik vertel die konferensie, toe God wou besluit watter soort kerk Hy wou hê, was dit 'n Gees-vervulde kerk van Pinkster. As jy nog nie daardie konferensie bygewoon het nie, sal jy jou hand opsteek en sê: "Broer Branham, bid vir my"? God seën jou, jou, jou.

193 In die balkonne aan die linkerkant, is daar enige daarbo wat julle hand saggies sal opsteek? Met julle hoofde gebuig, almal

wat bid, asseblief. Balkonne aan die linkerkant, balkonne aan die agterkant, balkonne aan die regterkant; onthou nou, ek kan julle dit nie laat doen nie, ek kan net die Woord spreek, dit hang van julle af om te besluit. Maar onthou, hierdie selfde boodskap sal julle oordeel. Dis op magnetiese bandopname in die Hemel, en dit sal weer oorgespeel word op die Oordeelsdag.

194 As jy nog nie God se Heilige Gees ontvang het nie, nog nooit daardie konferensie gehad het en ontmoet het soos hulle het by die Pinksterkonferensie nie, jy Hom nog nooit ontvang het nie, steek net jou hand op, sê: "Bid vir my, Broer Branham." Iemand wat nie hulle hand opgesteek het na God nie, steek jou hand op.

195 Ons Hemelse Vader, U sien die hande van die mense. Daar was sommige wat hulle hande opgesteek het en onthou wou word in gebed, genoeg moed. Hoe dankbaar behoort hulle te wees. Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom as My Vader hom nie eers trek nie." Dink aan hulle wat ons weet wat net hier sit, wat nie hulle hande opgesteek het nie. Nou, U is 'n Onderskeier van die hart. Hulle met wie U gepraat het en hulle nie hulle hande opgesteek het nie, wat sal dit wees vir daardie mense by die Oordeelsdag, wanneer die finale konferensie gehou word? Dan sal dit besluit word wie ontvang het, en wie nie het nie, wie se name op die Boek was. U het gesê: "Diegene aan My linkerkant, sal Ek sê: 'Gaan weg na die ewigdurende vuur wat voorberei is vir die duiwel en sy engele.'"

196 En ons weet dat die tyd naby is. Ons sien die wêreld in 'n bewende, wankelrige toestand; in die wete dat die atome spoedig sal brand, die hemele aan die brand sal wees, soos die apostel Petrus gesê het, en sal brand met verskriklike hitte. Die atome van die aarde sal spoedig aan die brand slaan. Daar sal 'n kettingreaksie wees, en daar sal nie eers stof oorbly van die mense nie.

197 En wat dan, Here? Miskien vyfhonderd jaar van nou af 'n ou grafsteen, wat oorkant toe gewaai word in die tierende winde, die brandende, skroeiende son, wanneer dit naby die son lê vir sy reiniging voor die Millennium, miskien sal die naam van party van die mense, hier, daarop geskrywe staan. Waar sal hulle dwalende siel wees? Mag hulle nie nou na hierdie moderne wêreld kyk nie, maar mag hulle wegkyk na Christus, na die boodskap en die Boodskapper luister wat in hulle hart praat. Seën hulle wat hulle hande opgesteek het, Vader, mag hulle die Heilige Gees ontvang, bid ek, in Christus' Naam.

198 En met ons hoofde gebuig, net 'n oomblik, het julle dit regtig bedoel? Sal julle hier na die altaar toe kom? Staan nou op uit jou sitplek, jy wat jou hand opgesteek het.

199 En julle wat nie julle hande opgesteek het nie: as julle in toekomstige dienste was, wat julle hier ook sal sien, Hom deur gebed die oë sien oopmaak van mense wat blind was,

Hom diegene wat kreupel en gebreklik was sien genees, Hom sien afgaan en die einste gedagtes van die hart van die mense onderskei, net soos Hy gesê het . . .

200 Nou, dis Sy Gees wat nou met jou praat, die Gees wat jy hier gesien het vanaand, wat die verborgenhede van die hart geken het, daardie selfde Gees sê vir my daar's baie hier wat behoort te kom. Staan nou op en kom hier en staan 'n oomblik hier om hierdie platvorm vir 'n woord van gebed. Sal julle kom? God seën jou. God seën jou, dame. God seën . . .

> Gaan my nie verby, O liewe . . . (Sal julle kom, wie ook al? Glo julle God hoor gebed? Kom met 'n eerlike hart.)
> Wyl U ander roep, Gaan . . .

201 Kom af uit die balkonne, sal julle nie? Party van julle jongmense net by die draaipunt van die lewe, kom aanvaar Christus as julle Verlosser. Sal julle vanaand? Word gevul met die Heilige Gees. Hierdie is die tyd, die plek, alles is nou gereed. Daar sal geen verskoning wees nie, want dieselfde Gees wat hier is vanaand, sal teen jou staan in die Oordeelsdag. Nou, julle weet ek sou nie hierdie dinge sê as dit nie so was nie. Kom van die balkon af.

> Heiland . . . (Eerbiedig, saggies, sal jy uit jou sitplek uitstap? Gee net 'n paar treetjies, kom af hiernatoe, staan hier vir gebed. God seën diegene wat gekom het.) . . . roep,
> Wyl na . . .
> Gaan my nie verby.
> [Broer Branham begin neurie—Red.]

202 Ek het langs 'n sterwende jong dame gestaan, nie lank gelede nie, wat in een van die dienste was. Sy het gesê: "Moenie bid nie, Broer Branham," sy het gesê: "my dag is verby." Sy het gesê: "Een aand in jou diens kon ek skaars in my sitplek sit, daar langs my kêrel gesit. Ek het hom gevra of hy sou kom, hy het gesê: 'Nee.'"

203 Maar gesê: "Dit was my laaste dag." Sy het gesê: "Dis nou te laat." Die meisie, 'n gawe jong dame, maar was sterwende met 'n sosiale siekte wat hulle nie kon vertraag nie. En die ondernemer, 'n vriend van my, het wa- . . . die balsemvloeistof in haar liggaam ingepomp. Aanhou beweeg, hulle kon nie vind waar dit was nie. Hulle het dit geruik. Gate gevreet in die vrou se . . . jong dame se lig- . . . pragtige jong dame. Sy het gesê: "Ek moes gekom het."

204 Sy was 'n kerklidmaat. Ja, meneer. Haar pastoor het 'n sigaret daar staan en rook terwyl sy besig was om te sterf. Weet julle wat het sy vir hom gesê? "Jou bedrieër van mense. Jy het vir my gesë ek was reg; jy was verkeerd." Sy het gesê: "Ek's sterwende en ek's verlore, en jy is die oorsaak daarvan."

205 Sy het gevra vir 'n meisie wat na die Tabernakel toe kom, wat probeer het om haar na Christus toe te lei. Hulle was saam

in die hoërskool. Probeer dat sy kom; maar dit was te laat, die meisie was dood voor sy daar gekom het. Sy wou bely. Sy wou vir hierdie meisie sê dat sy jammer was, want sy het haar 'n slegte naam genoem: 'n "holy-roller."

206 Dit wys altyd aan die einde van die pad. Dis waar jy jou konferensie het met die doodsengel. Dit kom vir elkeen van julle. Julle gaan hom een van hierdie môres ontmoet. Jy mag hom op die hoofweg ontmoet vanaand. Jy mag hom in jou bed ontmoet vanaand. Jy gaan hom iewers ontmoet, en jy gaan 'n konferensie hou. Hy skuil nou hier naby. Engele van God skuil hier naby. Jy sal wil hê hulle moet jou saak bepleit op daardie dag. Hulle spreek nou, sal jy nie kom nie? Nog een keer terwyl ons wag.

Vertrou alleenlik op U goedheid . . . (Moenie jou kerk vertrou nie; vertrou Sy goedheid.)
. . . soek U aangesig;
Genees my gewonde, gebroke gees,
Red my deur U genade.

Heiland, Heiland,
Hoor my nede- . . . (Persoonlike werkers, sal julle nou kom?)
Wyl U na ander roep,
Gaan . . . (. . . ? . . .)

Heiland . . .

207 Terwyl die persoonlike werkers naderkom, elkeen wat rondom kom, laat die vroue na die vroue toe gaan, die mans na die mans toe. "Kom nou, laat ons die saak uitmaak," sê die Here. "Al was jou sonde soos skarlaken, hulle sal wit wees soos sneeu."

Gaan my nie verby.

Heiland, Heiland, hoor my nederig' roep;
Wyl U na ander roep,
Gaan my nie verby.

. . . my voor U genadetroon
Soete verligting vind . . . (Sal julle nie nou uitbeweeg nie? Kom. Iemand anders kom? Is daar nog een wat wil kom voor ons hierdie diens verander?)

. . . -land, O Heiland, o, hoor my nederig' roep;
Wyl U na ander roep,
Gaan my nie verby.

208 Nou, hoeveel hierbinne wil hulle lewe opnuut toewy aan Christus? Steek jou hand op. Sê net: "Van hierdie aand af, vorentoe, met God se hulp, sal ek my lewe toewy aan God." Steek op julle hande, alle opregte Christene. "Ek sal my lewe opnuut toewy aan God."

Almal wat siek is, steek julle hande op en sê: "Ek glo net nou aan Jesus Christus vir my genesing. Ek sal."

Ek glo ons Hemelse Vader is bly oor daardie mense wat kom om Christus te ontvang. Glo julle so?

209 Nou, laat ons almal op ons voete staan net ’n oomblik, diegene wat kan, vir ons toewydingsdiens, onsself opnuut aan God toewy. Kom ons staan nou op om ons geloftes en ons toewydings aan Christus te hernu. Het julle Hom lief? (Goed, verander die lied, as jy sal, na lied, *Ek het Hom lief, Ek het Hom lief*.) *Ek het Hom lief.* Almal, nou, almal saam.

Ek het Hom lief, ek. . .(Nou, maak jou toewyding aan Hom.)
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota’s boom.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlo-. . .

210 Nou, elkeen, buig nou jou hoof, en gee jouself oor aan Christus in toewydingsgebed, terwyl ek een van die predikers hier gaan vra, of hy sal kom en die toewydingsgebed bid; net hier broer, as jy sal. Laat ons ons hoofde buig terwyl ons bid.

Konferensies AFR61-0410
(Conferences)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Maandagaand, 10 April 1961, by die Illinois Wesleyaanse Universiteit in Bloomington, Illinois, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2020 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org